(3) (a) (i) Die betoogpunte moet duidelik, saaklik en sonder onnodige besonderhede wees.

(ii) Elke punt moet genommer wees en moet so saaklik moontlik gestel word as wat die aard van die saak toelaat, en moet gevolg word deur 'n verwysing na die oorkonde of 'n bron ter ondersteuning van die punt.

(b) (i) Die betoogpunte moet nie lang aanhalings van die oorkonde of bronne bevat nie.

(ii) Die betoogpunte moet ten opsigte van elke bron wat aangehaal word, die bron se regsargument aanhaal, en indien meer as een bron vir 'n regsargument aangehaal word, moet die rede vir die aanhaling van die bykomende bronne gegee word.

(c) Verwysings na bronne en die oorkonde moet nie algemeen wees nie maar moet na spesifieke bladsye en paragrawe verwys.

(d) (i) Die betoogpunte van die appellant moet **[, indien toepaslik vir die appèl,]** vergesel gaan van 'n chronologietabel, met behoorlik kruisverwysings,

sonder betoog.

(ii) Indien die respondent die korrektheid van die chronologietabel met betrekking tot 'n wesenlike aspek betwis, moet die respondent se betoogpunte vergesel gaan van die respondent se weergawe van die chronologietabel.

(e) (i) Die betoogpunte moet vergesel gaan van 'n lys van die bronne wat ter stawing van die betoog aangehaal sal word moet met 'n asterisk die bronne aandui waarna in die besonder verwys sal word gedurende die betoog.

(ii) Indien enige sodanige bronne nie geredelik beskikbaar is nie, moet afskrifte van die teks waarop gesteun word die betoog in 'n afsonderlike volume vergesel.

(iii) Die betoogpunte moet die vorm van die bevel wat van die Hof verlang word, omskryf.

(f) **[Indien op ondergeskikte wetgewing gesteun word, moet 'n afskrif van sodanige wetgewing.]** 'n Fotokopie of uitdrukstuk vanaf 'n elektroniese databasis van die bepalings van 'n statuut, regulasie, reël, ordinansie of verordening wat direk ter sprake is, moet die betoogpunte in 'n afsonderlike volume vergesel.

(g) Die betoogpunte van 'n appellant of respondent moet nie 40 bladsye oorskry nie, behalwe as 'n regter op versoek anders beslis.

Formaat

(4) (a) Die betoogpunte moet duidelik getik wees op stewige A4 standaardpapier in dubbele spasiëring in swart ink, op slegs een kant van die papier.

(b) Alle aanhangsels tot die betoogpunte moet afsonderlik gebind wees.

(c) Betoogpunte en aanhangsels tot sodanige betoogpunte moet gebind wees met plastiek kambinders en kartonoortreksels, wit vir die appellant en blou vir die respondent.

Teenappèlle

(5) Teenappèlle benodig nie 'n afsonderlike stel betoogpunte nie. In alle gevalle waar daar 'n appèl en 'n teenappèl voorkom, moet die appellant se vernaamste betoogpunte kragtens reël 10(1)(b) dieselfde patroon volg.".

Invoeging van reël 10A in die Reëls

11. Die volgende reël word hierby in die Reëls na reël 10 ingevoeg:

"**Praktykkennisgewing**

Inhoud

10A. Die betoogpunte van elke party moet vergesel gaan van—

(a) 'n saaklike getikte nota wat die volgende aandui—

(i) die naam en nommer van die aangeleentheid;

(ii) die aard van die appèl;

(iii) 'n bondige verklaring van die basis vir regsbevoegdheid in hierdie Hof, insluitende die statutêre bepalings en tydfaktore waarop die regsbevoegdheid rus;

(iv) indien sodanige party begerig is om 'n grondwetlike vraag te opper wat verband hou met die grondwetlike geldigheid of die grondwetlike toepaslikheid van enige wet of die grondwetlike geldigheid of toepaslikheid of verlenging van 'n algemene wetsreël, 'n bondige definisie van die vraag;

(v) die sake ter sprake in die appèl moet saaklik gestel wees, (byvoorbeeld 'nalatigheid in MVO-saak', 'toelaatbaarheid van 'n bekentenis', interpretasie van ...');

(vi) 'n raming van die duur van die betoog;

(vii) indien meer as een dag benodig word vir die betoog, die rede vir die versoek;

(viii) watter gedeeltes of bladsye van die oorkonde in 'n taal anders as Engels verskyn;

(ix) 'n lys wat daardie gedeeltes van die oorkonde bevat wat, na die mening van die regsadviseurs, nodig is vir die beslissing van die appèl;

(x) 'n opsomming van die betoog, wat nie 100 woorde oorskry nie;

(xi) indien 'n kernbundel nie toepaslik is vir die appèl nie, die redes vir die insluiting daarvan;

(xii) dat daar behoorlike en tydige nakoming was van reël 8(8) en (9), en indien nie, waarom nie; en

(b) 'n sertifikaat onderteken deur die regspraktisyn verantwoordelik vir die betoogpunte dat reëls 10 en 10A(a) nagekom is.".

Vervanging van reël 11 van die Reëls

12. Reël 11 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

"**Bevoegdhede van die [Hoofregter] President of die Hof**

Bevoegdhede

11. (1) Die **[Hoofregter]** President of die Hof kan *mero motu*, of op aansoek—

(a) **[*mero motu*, of op aansoek,]** enige tydperk in hierdie reëls voorgeskryf verleng of verkort en mag nie-nakoming van hierdie reëls kondoneer;

(b) sodanige voorskrifte met betrekking tot aangeleenthede van praktyk, prosedure en die afhandeling van enige appèl, aansoek of tussentydse aangeleentheid gee as wat die **[Hoofregter]** President of die Hof billik en dienstig ag.".

Delegasie

(2) Enige bevoegdheid of mag wat ingevolge hierdie reëls aan die **[Hoofregter]** President verleen word, kan deur 'n regter of regters deur die **[Hoofregter]** President vir daardie doel aangewys, uitgeoefen word."

Invoeging van reël 11A in die Reëls

13. Die volgende reël word hierby in die Reëls na reël 11 ingevoeg:

"**Nie-nakoming van reëls**

11A. Die Hof kan gelas dat koste persoonlik deur enige party of prokureur of regsadviseur gedra word indien die aanhoor van die appèl nadelig beïnvloed word deur die versuim van sodanige party of sy of haar regsverteenwoordiger om hierdie reëls na te kom."

Vervanging van reël 12 van die Reëls

14. Reël 12 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

"**Aansoek om kondonasie**

Indiening

12. (1) In elke aangeleentheid waar kondonasie versoek word, moet die aansoek in **[tweevoud]** drievoud by die griffier ingedien word.

Antwoord

(2) Elke antwoordende verklaring op 'n aansoek om kondonasie moet in **[tweevoud]** drievoud by die griffier ingedien word binne een maand nabetekening van die aansoek aan die respondent.

Repliek

(3) Die applikant moet enige repliek in **[tweevoud]** drievoud by die griffier indien binne 10 dae na ontvangs van die antwoordende verklaring.

Formaat

(4) Elke aansoek, antwoord of repliek moet—

(a) duidelik en saaklik en op die punt af wees;

(b) 'n billike uiteensetting bevat van al die inligting wat nodig is om die Hof in staat te stel om die aansoek te oorweeg; en

(c) op die meriete van die saak ingaan alleen vir sover dit nodig is om die bepaalde gronde waarop verlof om te appelleer aangevra of teengestaan word, te verduidelik en te staaf.

Versoek om verdere dokumente

(5) Die regters wat die aansoek oorweeg, mag 'n versoek rig vir—

(a) voorleggings of verdere beëdigde verklarings;

(b) die oorkonde of dele daarvan; en

(c) addisionele afskrifte van die aansoek,

en die betrokke party moet die vereiste dokumente binne die voorgsekrewe tydperk by die griffier indien.

Versuim om aan 'n voorskrif te voldoen

(6) Indien die applikant versuim om aan 'n voorskrif van die Hof of die griffier te voldoen of om die aansoek binne die voorgeskrewe tydperk te voltooi, moet die **[griffier die aangeleentheid na die regters wat aangewys is om die aansoek te hanteer, verwys wat dit in onvolledige vorm kan afhandel]** aansoek verstryk.".

Vervanging van reël 13 van die Reëls

15. Reël 13 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

"Terrolleplasing

Kennisgewing

13. (1) Die griffier moet, behoudens die opdragte van die **[Hoofregter]** President, elke party per geregistreerde brief van die datum van die verhoor in kennis stel.

Adres

(2) 'n Geregistreerde brief gestuur aan 'n party se laasbekende adres,

word geag voldoende kennisgewing van die datum van die verhoor te wees.

Nie-verskyning

(3) Indien die applikant of appellant versuim om te verskyn op die datum waarvan aldus kennis gegee is, word die aansoek of appèl afgewys weens nie-voortsetting, tensy die Hof anders gelas.

Nie-beskikbaarheid van regsadviseurs

(4) Waar 'n hangende appèl terrolleplasing afwag, moet die griffier onmiddelik in kennis gestel word—

(a) indien regsadvies vir iedere party nie beskikbaar sal wees in die daaropvolgende termyn nie; en

(b) indien terrolleplasing mag bots met godsdienstige vakansiedae wat enige van die regsverteenwoordigers of partye in die saak begerig sou wees om te eerbiedig.".

Wysiging van reël 14 van die Reëls

16. Reël 14 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur die invoeging voor subreël (1) van die volgende subopskrif: "Tydsbeperkings"; en

(b) deur die invoeging voor subreël (2) van die volgende subopskrif: "Taal".

Wysiging van reël 15 van die Reëls

17. Reël 15 van die Reëls word hierby gewysig deur die vervanging van subreël (4) deur die volgende subreël:

"(4) Enige party wat ontevrede is met die beslissing van die griffier kragtens hierdie reël kan by die **[Hoofregter]** President aansoek doen om 'n hersiening daarvan in kamers.".

Vervanging van reël 16 van die Reëls

18. Reël 16 van die Reëls word hierby vervang deur die volgende reël:

"***Amicus curiae*-voorleggings**

Toelating as *amicus*

16. (1) Behoudens hierdie reël kan enige persoon wat by enige aangeleentheid voor die Hof belang het, met die skriftelike toestemming van al die partye in die aangeleentheid voor die Hof gegee nie later nie as die tydperk in subreël (5) vermeld, as 'n *amicus curiae* daarin toegelaat word ooreenkomstig sodanige bepalings en voorwaardes en met sodanige regte en voorregte as waarvoor skriftelik deur al die partye voor die Hof ooreengekom word of soos deur die **[Hoofregter]** President ingevolge subreël (3) beveel.

Toelating deur toestemming

(2) Die skriftelike toestemming bedoel in subreël (1) moet binne 10 dae nadat dit verkry is, by die griffier ingedien word en die *amicus curiae* moet, benewens enige ander bepaling, die ooreengekome tye vir die indiening van skriftelike betoog nakom.

Wysiging van toestemming

(3) Die **[Hoofregter]** President kan die bepalings, voorwaardes, regte en voorregte waarop ooreengekom is soos in subreël (1) bedoel, wysig.

Aansoek om toelating

(4) Indien die skriftelike toestemming bedoel in subreël (1) nie verkry is nie, kan 'n person wat by 'n aangeleentheid voor die Hof belang het, by die **[Hoofregter]** President aansoek doen om as 'n *amicus curiae*, daarin toegelaat te word en die **[Hoofregter]** President kan sodanige aansoek toestaan ooreenkomstig sodanige bepalings en voorwaardes en met sodanige regte en voorregte as wat hy of sy bepaal.

Tydperk van aansoek

(5) 'n Aansoek kragtens die bepalings van subreël (4) word gedoen binne een maand nadat die oorkonde by die griffier ingedien is.

Formaat

(6) 'n Aansoek om as *amicus curiae* toegelaat te word, moet—

(a) kortliks die belang van die *amicus curiae* in die verrigtinge beskryf;

(b) kortliks die standpunt wat die *amicus curiae* in die verrigtinge gaan inneem, identifiseer;

(c) 'n uiteensetting gee van die voorleggings wat deur die *amicus curiae* gedoen sal word, die toepaslikheid daarvan op die verrigtinge en die redes waarom hy of sy meen dat die voorleggings die Hof van hulp sal wees en verskillend van dié van die ander partye sal wees.

Betoog

(7) (a) 'n A*micus curiae* het die reg om skriftelike betoog in te dien, met dien verstande dat sodanige betoog nie enige ander aangeleentheid in die betoog van die ander partye herhaal nie en nuwe beweringe opwerp wat die Hof van hulp kan wees.

(b) Die betoogpunte van 'n *amicus curiae* moet nie 20 bladsye oorskry nie tensy 'n regter op versoek anders beveel.

Beperkinge

(8) 'n A*micus curiae* is beperk tot die oorkonde op appèl en mag niks byvoeg nie, en mag nie, tensy die Hof anders gelas, mondelinge betoog lewer nie.

Indiening van betoog

(9) 'n Bevel waarin toestemming verleen word om as *amicus curiae* toegelaat te word, moet die datum vir indiening van die skriftelike betoog van die *amicus curiae* of enige ander tersaaklike aangeleentheid spesifiseer.

Koste

(10) 'n Bevel van die Hof oor koste kan voorsiening maak vir die betaling van koste aangegaan deur of as gevolg van, die tussentrede van die *amicus curiae*.".

Invoeging van reël 16A in die Reëls

19. Die volgende reël word hierby in die Reëls ingevoeg na reël 16:

"**Onttrekking of skikking**

16A. (1) Die appellant moet die griffier onmiddellik in kennis stel indien dit bekend word dat 'n appèl uitgestel of geskik is.

(2) 'n Prokureur wat begerig is om as prokureur van die oorkonde te onttrek, moet die prosedure voorgeskryf deur Eenvormige Reël 16(4) nakom.".

Vervanging van reël 17 van die Reëls

20. Reël 17 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

"**Taksasie van koste**

Taksasie

17. (1) Die koste aangegaan in 'n appèl of aansoek moet getakseer word deur die griffier wat by die uitoefening van hierdie funksie die takseermeester genoem word, maar sy of haar taksasie is onderworpe aan hersiening **[deur die hof]** kragtens subreël (3).

BTW

(2) Belasting op toegevoegde waarde kan by alle koste, gelde, uitbetalings en tariewe ten opsigte waarvan belasting op toegevoegde waarde betaalbaar is, gevoeg word.

Saakstelling

(3) 'n Party wat ontevrede is met die beslissing van die takseermeester

ten aansien van 'n item of deel van 'n item waarteen beswaar gemaak is of wat *mero motu* deur die takseermeester geweier is, kan binne 20 dae na die *allocatur* eis dat die takseermeester 'n gestelde saak opstel vir beslissing deur die **[Hof]** President, waarin hy of sy elke item of deel van 'n item uiteensit tesame met die gronde van beswaar wat by die taksasie geopper is, en wat enige desbetreffende feitevindings van die takseermeester bevat.

Betoog van partye

(4) Die takseermeester moet 'n afskrif van die gestelde saak aan elk van die partye verskaf en hulle kan binne 15 dae na ontvangs van die afskrif, skriftelike betoog daaroor voorlê met inbegrip van gronde van beswaar wat nie by die taksasie geopper uis nie ten opsigte van'n item of deel van 'n item waarteen daar voor die takseermeester beswaar gemaak s of wat *mero motu* deur die takseermeester geweier is.

Verslag

(5) Daarna stel die takseermeester sy of haar verslag op en verskaf 'n afskrif daarvan aan elk van die partye, en lê onverwyld die gestelde saak voor die **[Hof]** President tesame met die betoog van die partye daaroor en sy of haar verslag.

Aanhoor van hersieniing

(6) **[Nadat die takseermeester sy of haar verslag aldus aan die Hof voorgelê het, moet hy of sy behoudens die voorskrifte van die Hoofregter, die partye of hul onderskeie prokureurs van die verhoordatum in kennis stel]**

(a) Die President of 'n regter of regters deur hom of haar aangewys kan—

(i) die aangeleentheid op die meriete van die saak en voorleggings wat ingedien is, beslis;

(ii) enige verdere inligting van die takseermeester vereis;

(iii) indien dit wenslik geag word, die partye of hul advokate in kamers aanhoor; of

(iv) die saak na die Hof verwys.

(b) Enige verdere inligting wat deur die takseermeester aan die regter of regters voorsien moet word, moet ook aan die partye voorsien word, wat binne 10 dae na ontvangs daarvan skriftelike voorleggings daaroor aan die takseermeester kan indien, wat onverwyld sodanige inligting saam met enige voorleggings van die partye aan die regter of regters moet voorlê.

Kostebevele

(7) Die regter, regters of hof wat die saak beslis, kan sodanige bevel ten opsigte van koste uitreik indien dit wenslik geag word, insluitende 'n bevel dat die onsuksesvolle party aan die suksesvolle party die koste van hersiening betaal in 'n som bepaal deur die regter, regters of die Hof.".

Inwerkingtreding

21. Hierdie reëls tree in werking op **24 Desember 2010**.

No. R. 980 **19 November 2010**

AMENDMENT OF THE RULES REGULATING THE CONDUCT OF THE PROCEEDINGS OF THE HIGH COURTS OF SOUTH AFRICA

The Rules Board for Courts of Law has under section 6 of the Rules Board for Courts of Law Act, 1985 (Act No. 107 of 1985), with the approval of the Minister OF Justice and Constitutional Development, made the rules in the Schedule.

SCHEDULE

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Expressions in bold type in square brackets indicate omissions from existing rules.

____ Expressions underlined with a solid line indicate insertions into existing rules.

Definition

1. In this Schedule "the Rules" means the rules regulating the conduct of the proceedings of the several provincial and local divisions of the High Court of South Africa published under Government Notice No. R.48 of 12 January 1965, as amended by Government Notices Nos. 235 of 18 February 1966, R.2004 of 15 December 1967, R.3553 of 17 October 1969, R.2021 of 5 November 1971, R.1985 of 3 November 1972, R.480 of 30 March 1973, R.639 of 4 April 1975, R.1816 of 8 October 1976, R.1975 of 29 October 1976, R.2477 of 17 December 1976, R.2365 of 18 November 1977, R.1546 of 28 July 1978, R.1577 of 20 July 1979, R.1535 of 25 July 1980, R.2527 of 5 December 1980, R.500 of 12 March 1982, R.773 of 23 April 1982, R.775 of 23 April 1982, R.1873 of 3 September 1982, R.2171 of 6 October 1982, R.645 of 25 March 1983, R.841 of 22 April 1983, R.1077 of 20 May 1983, R.1996 of 7 September 1984, R.2094 of 13 September 1985, R.810 of 2 May 1986, R.2164 of 2 October 1987, R.2642 of 27 November 1987, R.1421 of 15 July 1988, R.210 of 10 February 1989, R.608 of 31 March 1989, R.2628 of 1 December 1989, R.185 of 2 February 1990, R.1929 of 10 August 1990, R.1262 of 30 May 1991, R.2410 of 30 September 1991, R.2845 of 29 November 1991, R.406 of

7 February 1992, R.1883 of 3 July 1992, R.109 of 22 January 1993, R.960 of 28 May 1993, R.974 of 1 June 1993, R.1356 of 30 July 1993, R.1843 of 1 October 1993, R.2365 of 10 December 1993, R 2529 of 31 December 1993, R.181 of 28 January 1994, R.411 of 11 March 1994, R. 873 of 31 May 1996, R.1063 of 28 June 1996, R.1557 of 20 September 1996, R.1746 of 25 October 1996, R.2047 of 13 December 1996, R.417 of 14 March 1997, R.491 of 27 March 1997, R.700 of 16 May 1997, R.798 of 13 June 1997, R.1352 of 10 October 1997, R.785 of 5 June 1998, R.881 of 26 June 1998, R.1024 of 7 August 1998, 1723 of 30 December 1998, R.315 of 12 March 1999, R.568 of 30 April 1999, R.1084 of 10 September 1999, R.1299 of 29 October 1999, R.502 of 19 May 2000, R.849 of 25 August 2000, R.373 of 30 April 2001, R.1088 of 26 October 2001, R.1755 of 5 December 2003, R.229 of 20 February 2004, R. 1343 of 12 December 2008, R.1345 of 12 December 2008, R.516 of 8 May 2009, R.518 of 8 May 2009, R.86 of 12 February 2010, R.87 of 12 February 2010, R.88 of 12 February 2010, R.89 of 12 February 2010, R.90 of 12 February 2010, R.500 of 11 June 2010 and R.591 of 9 July 2010.

Amendment of Rule 46 of the High Court Rules

2. Rule 46 of the Rules is hereby amended by the substitution for subrule (3) of the following subrule:

"(3) (a) The mode of attachment of immovable property shall be by notice in writing by the sheriff served upon the owner thereof, and upon the registrar of deeds or other officer charged with the registration of such immovable property, and if the property is in the occupation of some person other than the owner, also upon such occupier. **[Any such notice as aforesaid shall be served by means of a registered letter, duly prepaid and posted addressed to the person intended to be served.]**

(b) Any such notice as aforesaid shall be served according to the provisions of rule 4."

Commencement

3. This rule shall come into operation on 24 December 2010.

No. R. 980 **19 November 2010**

WYSIGING VAN DIE REËLS WAARBY DIE VERRIGTINGE IN DIE HOË HOWE VAN SUID-AFRIKA GEREËL WORD

Die Reëlsraad vir Geregshowe het kragtens artikel 6 van die Wet op die Reëlsraad vir Geregshowe, (Wet No. 107 van 1985), met die goedkeuring van die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, die reëls in die Bylae gemaak.

BYLAE

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Uitdrukkings in vet druk tussen vierkantige hakies dui skrappings uit bestaande reëls aan.

____ Uitdrukkings met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande reëls aan.

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken "die Reëls" die reëls wat die verrigtinge in die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings van die Hoë Hof van Suid-Afrika reel afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R.48 van 12 Januarie 1965, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 235 van 18 Februarie 1966, R.2004 van 15 Desember 1967, R.3553 van 17 Oktober 1969, R.2021 van 5 November 1971, R.1985 van 3 November 1972, R.480 van 30 Maart 1973, R.639 van 4 April 1975, R.1816 van 8 Oktober 1976, R.1975 van 29 Oktober 1976, R.2477 van 17 Desember 1976, R.2365 van 18 November 1977, R.1546 van 28 Julie 1978, R.1577 van 20 Julie 1979, R.1535 van 25 Julie 1980, R.2527 van 5 Desember 1980, R.500 van 12 Maart 1982, R.773 van 23 April 1982, R.775 van 23 April 1982, R.1873 van 3 September 1982, R.2171 van 6 Oktober 1982, R.645 van 25 Maart 1983, R.841 van 22 April 1983, R.1077 van 20 Mei 1983, R.1996 van 7 September 1984, R.2094 van 13 September 1985, R.810 van 2 Mei 1986, R.2164 van 2 Oktober 1987, R.2642 van 27 November 1987, R.1421 van 15 Julie 1988, R.210 van 10 Februarie 1989, R.608 van 31 Maart 1989, R.2628 van 1 Desember 1989, R.185 van 2 Februarie 1990, R.1929 van 10 Augustus 1990, R.1262 van 30 Mei 1991, R.2410 van 30 September

1991, R.2845 van 29 November 1991, R.406 van 7 Februarie 1992, R.1883 van 3 Julie 1992, R.109 van 22 Januarie 1993, R.960 van 28 Mei 1993, R.974 van 1 Junie 1993, R.1356 van 30 Julie 1993, R.1843 van 1 Oktober 1993, R.2365 van 10 Desember 1993, R 2529 van 31 Desember 1993, R.181 van 28 Januarie 1994, R.411 van 11 Maart 1994, R. 873 van 31 Mei 1996, R.1063 van 28 Junie 1996, R.1557 van 20 September 1996, R.1746 van 25 Oktober 1996, R.2047 van 13 Desember 1996, R.417 van 14 Maart 1997, R.491 van 27 Maart 1997, R.700 van 16 Mei 1997, R.798 van 13 Junie 1997, R.1352 van 10 Oktober 1997, R.785 van 5 Junie 1998, R.881 van 26 Junie 1998, R.1024 van 7 Augustus 1998, 1723 van 30 Desember 1998, R.315 van 12 Maart 1999, R.568 van 30 April 1999, R.1084 van 10 September 1999, R.1299 van 29 Oktober 1999, R.502 van 19 Mei 2000, R.849 van 25 Augustus 2000, R.373 van 30 April 2001, R.1088 van 26 Oktober 2001, R.1755 van 5 Desember 2003, R.229 van 20 Februarie 2004, R. 1343 van 12 Desember 2008, R.1345 van 12 Desember 2008, R.516 van 8 Mei 2009, R.518 van 8 Mei 2009, R.86 van 12 Februarie 2010, R.87 van 12 Februarie 2010, R.88 van 12 Februarie 2010, R.89 van 12 Februarie 2010, R.90 van 12 Februarie 2010, R.500 van 11 Junie 2010 en R.591 van 9 Julie 2010.

Wysiging van Reël 46 van die Reëls van die Hoë Hof

2. Reël 46 van die Reëls word hierby gewysig deur die vervanging van subreël (3) deur die volgende subreël:

"(3) (a) Die wyse van beslaglegging van onroerende goed sal wees deur middel van skriftelike kennisgewing deur die balju wat aan die eienaar daarvan beteken sal word, en aan die registrateur van akte of ander beamptes belas met die registrasie van sodanige onroerende goed, en indien die goed deur iemand anders as die eienaar geokkupeer word, ook aan sodanige okkupant. **[Enige sodanige kennisgewing soos voorheen vermeld sal beteken word deur middel van 'n geregistreerde brief, behoorlik vooraf betaald en gepos, geadresseer aan die persoon op wie sodanige betekening van toepassing is]**

(b) Enige sodanige kennisgewing soos voorheen vermeld sal beteken word behoudens reël 4."

Inwerkingtreding

3. Hierdie reël tree in werking op **24 Desember 2010**.

No. R. 981 **19 November 2010**

AMENDMENT OF THE RULES REGULATING THE CONDUCT OF THE PROCEEDINGS OF THE HIGH COURTS OF SOUTH AFRICA

The Rules Board for Courts of Law has under section 6 of the Rules Board for Courts of Law Act, 1985 (Act No. 107 of 1985), with the approval of the Minister of Justice and Constitutional Development, made the rules in the Schedule.

SCHEDULE

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Expressions in bold type in square brackets indicate omissions from existing rules.

____ Expressions underlined with a solid line indicate insertions into existing rules.

Definition

1. In this Schedule "the Rules" means the rules regulating the conduct of the proceedings of the several provincial and local divisions of the High Court of South Africa published under Government Notice No. R.48 of 12 January 1965, as amended by Government Notices Nos. 235 of 18 February 1966, R.2004 of 15 December 1967, R.3553 of 17 October 1969, R.2021 of 5 November 1971, R.1985 of 3 November 1972, R.480 of 30 March 1973, R.639 of 4 April 1975, R.1816 of 8 October 1976, R.1975 of 29 October 1976, R.2477 of 17 December 1976, R.2365 of 18 November 1977, R.1546 of 28 July 1978, R.1577 of 20 July 1979, R.1535 of 25 July 1980, R.2527 of 5 December 1980, R.500 of 12 March 1982, R.773 of 23 April 1982, R.775 of 23 April 1982, R.1873 of 3 September 1982, R.2171 of 6 October 1982, R.645 of 25 March 1983, R.841 of 22 April 1983, R.1077 of 20 May 1983, R.1996 of 7 September 1984, R.2094 of 13 September 1985, R.810 of 2 May 1986, R.2164 of 2 October 1987, R.2642 of 27 November 1987, R.1421 of 15 July 1988, R.210 of 10 February 1989, R.608 of 31 March 1989, R.2628 of 1 December 1989, R.185 of 2 February 1990, R.1929 of 10 August 1990, R.1262 of 30 May 1991, R.2410 of 30 September 1991, R.2845 of 29 November 1991, R.406 of

7 February 1992, R.1883 of 3 July 1992, R.109 of 22 January 1993, R.960 of 28 May 1993, R.974 of 1 June 1993, R.1356 of 30 July 1993, R.1843 of 1 October 1993, R.2365 of 10 December 1993, R 2529 of 31 December 1993, R.181 of 28 January 1994, R.411 of 11 March 1994, R. 873 of 31 May 1996, R.1063 of 28 June 1996, R.1557 of 20 September 1996, R.1746 of 25 October 1996, R.2047 of 13 December 1996, R.417 of 14 March 1997, R.491 of 27 March 1997, R.700 of 16 May 1997, R.798 of 13 June 1997, R.1352 of 10 October 1997, R.785 of 5 June 1998, R.881 of 26 June 1998, R.1024 of 7 August 1998, 1723 of 30 December 1998, R.315 of 12 March 1999, R.568 of 30 April 1999, R.1084 of 10 September 1999, R.1299 of 29 October 1999, R.502 of 19 May 2000, R.849 of 25 August 2000, R.373 of 30 April 2001, R.1088 of 26 October 2001, R.1755 of 5 December 2003, R.229 of 20 February 2004, R. 1343 of 12 December 2008, R.1345 of 12 December 2008, R.516 of 8 May 2009, R.518 of 8 May 2009, R.86 of 12 February 2010, R.87 of 12 February 2010, R.88 of 12 February 2010, R.89 of 12 February 2010, R.90 of 12 February 2010, R.500 of 11 June 2010 and R.591 of 9 July 2010.

Amendment of Rule 45 of the Rules

2. Rule 45 of the Rules is hereby amended by the substitution for subrule (1) of the following subrule:

"(1) **[The party in whose favour any judgment of the court has been pronounced]** A judgment creditor may, at his or her own risk, sue out of the office of the registrar one or more writs for execution thereof **[as near as may be in accordance]** corresponding substantially with Form 18 of the First Schedule. **[: Provided that, except where immovable property has been specially declared executable by the court or, in the case of a judgment granted in terms of rule 31 (5), by the registrar, no such process shall issue against the immovable property of any person until a return shall have been made of any process which may have been issued against his movable property, and the registrar perceives therefrom that the said person has not sufficient movable property to satisfy the writ.]**"

Amendment of Rule 46 of the Rules

3. Rule 46 of the Rules is hereby amended by the substitution for subrule (1) of the following subrule:

"(1) (a) No writ of execution against the immovable property of any judgment debtor shall issue until –

(i) a return shall have been made of any process which may have been issued against the movable property of the judgment debtor from which it appears that

the said person has not sufficient movable property to satisfy the writ; or

(ii) such immovable property shall have been declared to be specially executable by the court or, in the case of a judgment granted in terms of rule 31 (5), by the registrar: Provided that, where the property sought to be attached is the primary residence of the judgment debtor, no writ shall issue unless the court, having considered all the relevant circumstances, orders execution against such property."

[(i)] (b) A writ of execution against immovable property shall contain a full description of the nature and situation (including the address) of the immovable property to enable it to be traced and identified by the sheriff; and shall be accompanied by sufficient information to enable him or her to give effect to subrule (3) hereof."

Commencement

4. These rules shall come into operation on 24 December 2010.

No. R. 981 **19 November 2010**

WYSIGING VAN DIE REËLS WAARBY DIE VERRIGTINGE VAN DIE HOË HOWE VAN SUID-AFRIKA GEREËL WORD

Die Reëlsraad vir Geregshowe het kragtens artikel 6 van die Wet op die Reëlsraad vir Geregshowe, 1985 (Wet No. 107 van 1985), met die goedkeuring van die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, die reëls in die Bylae gemaak.

BYLAE

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Uitdrukkings in vet druk tussen vierkantige hakies dui skrappings uit bestaande reëls aan.

____ Uitdrukkings met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande reëls aan.

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken "die Reëls" die reëls wat die verrigtinge in die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings van die Hoë Hof van Suid-Afrika reël, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R.48 van 12 Januarie 1965, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 235 van 18 Februarie 1966, R.2004 van 15 Desember 1967, R.3553 van 17 Oktober 1969, R.2021 van 5 November 1971, R.1985 van 3 November 1972, R.480 van 30 Maart 1973, R.639 van 4 April 1975, R.1816 van 8 Oktober 1976, R.1975 van 29 Oktober 1976, R.2477 van 17 Desember 1976, R.2365 van 18 November 1977, R.1546 van 28 Julie 1978, R.1577 van 20 Julie 1979, R.1535 van 25 Julie 1980, R.2527 van 5 Desember 1980, R.500 van 12 Maart 1982, R.773 van 23 April 1982, R.775 van 23 April 1982, R.1873 van 3 September 1982, R.2171 van 6 Oktober 1982, R.645 van 25 Maart 1983, R.841 van 22 April 1983, R.1077 van 20 Mei 1983, R.1996 van 7 September 1984, R.2094 van 13 September 1985, R.810 van 2 Mei 1986, R.2164 van 2 Oktober 1987, R.2642 van 27 November 1987, R.1421 van 15 Julie 1988, R.210 van 10 Februarie 1989, R.608 van 31 Maart 1989, R.2628 van 1 Desember 1989, R.185 van 2 Februarie 1990, R.1929 van 10 Augustus 1990, R.1262 van 30 Mei 1991, R.2410 van 30 September

1991, R.2845 van 29 November 1991, R.406 van 7 Februarie 1992, R.1883 van 3 Julie 1992, R.109 van 22 Januarie 1993, R.960 van 28 Mei 1993, R.974 van 1 Junie 1993, R.1356 van 30 Julie 1993, R.1843 van 1 Oktober 1993, R.2365 van 10 Desember 1993, R 2529 van 31 Desember 1993, R.181 van 28 Januarie 1994, R.411 van 11 Maart 1994, R. 873 van 31 Mei 1996, R.1063 van 28 Junie 1996, R.1557 van 20 September 1996, R.1746 van 25 Oktober 1996, R.2047 van 13 Desember 1996, R.417 van 14 Maart 1997, R.491 van 27 Maart 1997, R.700 van 16 Mei 1997, R.798 van 13 Junie 1997, R.1352 van 10 Oktober 1997, R.785 van 5 Junie 1998, R.881 van 26 Junie 1998, R.1024 van 7 Augustus 1998, 1723 van 30 Desember 1998, R.315 van 12 Maart 1999, R.568 van 30 April 1999, R.1084 van 10 September 1999, R.1299 van 29 Oktober 1999, R.502 van 19 Mei 2000, R.849 van 25 Augustus 2000, R.373 van 30 April 2001, R.1088 van 26 Oktober 2001, R.1755 van 5 Desember 2003, R.229 van 20 Februarie 2004, R. 1343 van 12 Desember 2008, R.1345 van 12 Desember 2008, R.516 van 8 Mei 2009, R.518 van 8 Mei 2009, R.86 van 12 Februarie 2010, R.87 van 12 Februarie 2010, R.88 van 12 Februarie 2010, R.89 van 12 Februarie 2010, R.90 van 12 Februarie 2010, R.500 van 11 Junie 2010 en R.591 van 9 Julie 2010.

Wysiging van Reël 45 van die Reëls

2. Reël 45 van die Reëls word hierby gewysig deur die vervanging van subreël (1) deur die volgende subreël:

"(1) **[Die party in wie se guns enige uitspraak van die hof beslis is]** 'n Vonnisskuldeiser kan, op sy of haar eie risiko, uit die kantoor van die griffier een of meer uitwinningslasbriewe uitneem **[so na moontlik bewoord]** wesenlik bewoord soos Vorm 18 in die Eerste Bylae. **[: Met dien verstande dat, behalwe waar onroerende goed spesiaal as vatbaar vir eksekusie deur die hof verklaar is of, in die geval waar vonnis neergelê is ooreenkomstig reël 31 (5), deur die griffier, sal geen sodanige lasbrief teen die onroerende goed van enige persoon uitgereik word totdat 'n relaas gelewer is teen enige lasbrief wat uitgereik kon wees teen sy roerende goed, en die griffier daaruit kon aflei dat sodanige persoon nie voldoende roerende goed besit om die lasbrief na te kom nie.]"**

Wysiging van Reël 46 van die Reëls

3. Reël 46 van die Reëls word hierby gewysig deur die vervanging van subreël (1) deur die volgende subreël:

"(1) (a) Geen uitwinningslasbrief teen die onroerende goed van enige vonnisskuldenaar sal uitgeneem word nie totdat –

(i) 'n relaas gemaak is teen enige lasbrief wat uitgereik kon wees teen die roerende goed van die vonnisskuldenaar en waaruit dit voorkom dat sodanige

persoon nie voldoende roerende goed besit om die lasbrief na te kom nie; of

(ii) sodanige onroerende goed spesiaal as vatbaar vir eksekusie deur die hof verklaar is of, in die geval waar vonnis neergelê is ooreenkomstig reël 31 (5), deur die griffier: Met dien verstande dat, waar die eiendom waarop beslag gelê gaan word, die primêre woning van die vonnisskuldenaar is, geen lasbrief uitgereik sal word nie behalwe as die hof, nadat alle toepaslike omstandighede in oorweging gebring is, 'n bevel teen sodanige eiendom uitvaardig."

[(i)] (b) 'n Uitwinningslasbrief teen onroerende goed moet 'n volledige beskrywing bevat van die aard en ligging (insluitend die adres) van die onroerende goed om die balju in staat te stel om dit op te spoor en te identifiseer, en moet vergesel gaan van voldoende inligting om hom of haar in staat te stel om uitvoering te gee aan subreël (3) hiervan."

Inwerkingtreding

4. Hierdie reëls tree in werking op **24 Desember 2010**.